*Historia*, 50, 2, November 2005, pp 261-285.

# Suid-Afrika binne Wêreldhistoriese Konteks – 'n Ondersoek na Oorsigwerke oor die Suid-Afrikaanse Geskiedenis

***Pieter de Klerk*** [*]

## Inleiding

> Onze geschiedenis staat toch niet op zichzelf. Van haar eerste bladzijde af, brenge zij ons in aanraking met de machtige wereldgeschiedenis …

Met hierdie woorde het die Stellenbosse geleerde, A. Moorrees, historici reeds in 1911 aangeraai om die Suid-Afrikaanse geskiedenis binne die konteks van die wêreldgeskiedenis te bestudeer.[1]

'n Mens het nie 'n diepgaande kennis van die Suid-Afrikaanse geskiedenis nodig om te besef dat die oorsake van gebeurtenisse soos die Britse oorname van die Kaapkolonie in 1806, of Suid-Afrika se betrokkenheid by die twee wêreldoorloë nie net in ontwikkelinge in Suid-Afrika self gesoek kan word nie. In werke oor bepaalde aspekte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, maar veral in werke wat 'n geheelbeeld van Suid-Afrika se geskiedenis probeer gee, sal dus ook na ontwikkelinge buite Suid-Afrika verwys moet word. In resente jare is historici, veral dié van vroeëre geslagte, daarvan beskuldig dat hulle Suid-Afrika se geskiedenis te veel binne 'n Europese konteks geplaas het en te min aandag aan die Afrikakonteks gegee het.[2] In hierdie artikel word oorsigwerke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat sedert die vroeë twintigste eeu verskyn het, onder die loep geneem om na te gaan in hoeverre en op welke wyse daarin aangetoon word hoe ontwikkelinge in Suid-Afrika deur ontwikkelinge buite die land, dit wil sê in Afrika, Europa, Asië of die wêreld as geheel, beïnvloed is. Hiermee kan eerstens nagegaan word of die oorsigskrywers wel voldoende aandag aan die breër konteks gee en verder kan 'n vergelyking van die wyses waarop die skrywers Suid-Afrika se geskiedenis binne 'n groter raamwerk plaas,

---

* Pieter de Klerk is professor in Geskiedenis aan die Vaaldriehoekkampus van die Noordwes-Universiteit. Hy het verskeie publikasies gelewer op die terrein van historiografie en die teorie van geskiedenis.

1. Aangehaal in F.A. van Jaarsveld, *Geskiedkundige Verkenninge* (Van Schaik, Pretoria, 1974), p 72.
2. Vergelyk P. de Klerk, "Van 'n Eurosentriese na 'n Afrosentriese geskiedenis – is daar 'n alternatief?", *Koers,* 59, 1, Maart 1994, pp 53-68.

bepaalde tendense uitwys en ook 'n beter begrip bring van die probleme waarmee skrywers van wetenskaplike oorsigte te kampe het om die Suid-Afrikaanse geskiedenis binne 'n wyer konteks te plaas.

Alvorens die verskillende werke in oënskou geneem word, word enkele algemene aspekte rakende die bestudering van Suid-Afrikaanse geskiedenis binne 'n wêreldhistoriese raamwerk, kortliks bespreek.

**Wêreldgeskiedenis en Suid-Afrikaanse geskiedenis**

Die besef dat die geskiedenis van alle mense en volke op aarde 'n samehangende geheel vorm, het ontstaan met die opkoms van die Christendom. Vroeë Christelike geskiedskrywers in die periode 300-400 n.C. het hulle geskiedbeskouing gebaseer op die Bybel en geglo dat alle volke aan mekaar verwant is en 'n gemeenskaplike ontstaansgeskiedenis het.[3] Dit was egter eers in die agtiende eeu dat Voltaire en ander skrywers van die Verligting in Europa gepoog het om die geskiedenis vanuit 'n wêreldperspektief te bestudeer.[4] In die negentiende eeu, toe die geskiedkunde as wetenskaplike disssipline sy beslag gekry het, het die klem aanvanklik sterk op die geskiedenis van afsonderlike volke geval. Die enorme vooruitgang op die gebied van vervoer- en kommunikasiemiddele in die loop van die twintigste eeu het gelei tot al nouer kontak tussen lande en wêrelddele en tot 'n al groter besef onder historici dat hulle die verstrengeldheid van die lotgevalle van alle mense en groepe in wetenskaplike werke na vore moet bring.[5]

Beskouinge oor die wyse waarop die geskiedenis van verskillende lande en volke met mekaar verband hou, is beïnvloed deur omvattende teorieë van die wêreldgeskiedenis soos dié van Karl Marx, Oswald Spengler en Arnold Toynbee. Veral die Marxistiese denke het 'n groot invloed op historici gehad. Die in duie storting van die Sowjet-Unie en die opkoms van die Postmodernisme as denkrigting, met sy afkeer van omvattende fiosofiese skemas, teorieë en ideologieë as

3. Vergelyk E. Breisach, *Historiography, Ancient, Medieval and Modern* (University of Chicago Press, Chicago, 1994), pp 77-78.
4. Vergelyk E. Fueter, *Geschichte der neueren Historiographie* (Oldenbourg, München, 1936), pp 357-358; D. Hay, *Annalists and Historians* (Methuen, Londen, 1977), p 172.
5. Vergelyk P. de Klerk, *Die Eenheid van die Geskiedenis* (Potchefstroomse Universiteit vir CHO, Potchefstroom, 1992), p 10; T. Dedering, "Reflections on World History and African Studies", *South African Historical Journal*, 50, 2004, pp 251-252.

verklaringsraamwerke, het daartoe bygedra dat benaderinge onder die invloed van die Marxisme in diskrediet geraak het. Dit sluit die wêreldsisteemteorie van Wallerstein,[6] wat nog in resente tye groot aanhang geniet het, in. Die sterk behoefte wat daar tans aan die bestudering van wêreldgeskiedenis bestaan, het tog meegebring dat die teorie en metodologie van die wêreldgeskiedenis 'n studieveld geword het wat tans heelwat aandag geniet.[7] Soos verder in die artikel blyk, is die historici wie se werke hier behandel word, min of glad nie beïnvloed deur omvattende teoretiese skemas oor die geskiedenis nie en, sover vasgestel kan word, ook nie deur die nuutste ontwikkelinge ten opsigte van die metodologie van wêreldgeskiedskrywing nie. Dit is daarom nie nodig om in hierdie artikel in te gaan op die teoretiese aspekte van die verhouding tussen Suid-Afrikaanse geskiedenis en wêreldgeskiedenis nie. Soos uit die aanhaling aan die begin van die artikel blyk, was daar tog vanaf die begin van die vorige eeu in intellektuele kringe, binne en buite Suid-Afrika, die besef aanwesig dat die geskiedenis van 'n land deel vorm van 'n groter geheel. In hierdie artikel word dus nagegaan hoe en in hoeverre hierdie besef deurgewerk het in die wyse waarop die Suid-Afrikaanse geskiedenis in oorsigwerke behandel word.

Die wyse waarop die geskiedenis van Suid-Afrika met dié van ander lande en wêrelddele verband hou, kan in verskillende soorte geskiedwerke aan die orde kom. Ten eerste bestaan daar 'n groot aantal gespesialiseerde studies oor besondere ontwikkelinge wat Suid-Afrika en ander lande geraak het, soos byvoorbeeld die uitwerking van die Anglo-Boereoorlog op Groot-Brittanje en ander Europese lande.[8] Hierbenewens is daar verskeie vergelykende studies geskryf waarin aspekte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, soos slawerny, rasseverhoudinge en industrialisasiepatrone, met dié van ander lande

6. I. Wallerstein, *The Modern World-system* (Academic Books, New York,1974-1988), 3 bande.
7. Belangrike bydraes in dié verband is onder andere gelewer deur P. Manning, *Navigating World History: Historians Create a Global Past* (Palgrave Macmillan, New York, 2003); B. Stuchtey and E. Fuchs (eds), *Writing World History, 1800-2000* (Oxford University Press, New York, 2003); T. Vadney, "World History as an Advanced Academic Field", *Journal of World History*, 1, 2, 1990, pp 209-223, asook ander artikels in dieselfde tydskrif.
8. Enkele voorbeelde van sulke studies is: G.D. Scholtz, *Europa en die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902* (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1939); A.M. Davey. *The British Pro-Boers, 1877-1902* (Tafelberg, Kaapstad, 1978); C.A.J. van Koppen, *De Geuzen van de Negentiende Eeuw; Abraham Kuyper en Zuid-Afrika* (Imerc, Wormer, 1992).

vergelyk word.[9] Verder is daar algemene oorsigwerke. In die groot aantal oorsigte oor die wêreldgeskiedenis wat in die afgelope dekades verskyn het, word egter net hier en daar na die Suid-Afrikaanse geskiedenis verwys, terwyl werke oor die geskiedenis van Afrika hoofsaaklik slegs lig werp op die verbondenheid van die Suid-Afrikaanse geskiedenis met dié van die res van Afrika.[10] Oorsigwerke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis, waarin aangedui word hoe besondere gebeure en ontwikkelinge deur ontwikkelinge buite Suid-Afrika beïnvloed is, kan dus 'n besondere bydrae lewer om Suid-Afrika se geskiedenis binne 'n wyer konteks te plaas.[11] In hierdie artikel word slegs aan laasgenoemde publikasies aandag gegee, veral omdat dit werke is wat as samevattings van historiese kennis 'n invloedryke rol speel in die vorming van 'n geheelbeeld van die Suid-Afrikaanse geskiedenis by onder andere historici, skrywers van skoolhandboeke, dosente, studente en onderwysers, asook wyer gelees en gebruik word as meer gespesialiseerde studies. Hierbenewens behoort die resultate van navorsing waarin besondere aspekte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis in 'n breër konteks geplaas word, 'n neerslag te vind in die oorsigwerke. Ten einde 'n volledige beeld te verkry van die behandeling van die Suid-Afrikaanse geskiedenis in 'n wêreldhistoriese konteks, behoort die gespesialiseerde studies tog ook bespreek te word. Dit sal moontlik in 'n latere artikel geskied.

Die negentiende eeu kan hoofsaaklik beskou word as die voorwetenskaplike ontstaansperiode van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, en dit is eers in die vroeë twintigste eeu dat universiteite en professionele historici hulle verskyning in Suid-Afrika gemaak het.[12] Daarom word slegs wetenskaplike oorsigwerke wat vanaf

9. Vir 'n oorsig van hierdie werke sien P. de Klerk, "Die Suid-Afrikaanse Geskiedenis in Vergelykende Perspektief: 'n Metodologiese Ondersoek", *Historia,* 44, 2, November 1999, pp 276-286. Vergelyk ook J.S. Bergh, "*White Supremacy* Twenty Years on: Opportunities for Comparative Historical Research", *Historia*, 48, 1, Mei 2003, pp 355-372.
10. Werke soos E. Gilbert and J.T. Reynolds, *Africa in World History; from Prehistory to the Present* (Pearson Education, Upper Saddle River NJ, 2004), lewer tog 'n bydrae om die Suid-Afrikaanse geskiedenis binne 'n wêreldkonteks te plaas.
11. Vergelyk P.N. Stearns "Teaching the United States in World History", *Perspectives*, 27, 4, April 1989, pp 12-15, waarin gewys word op die noodsaaklikheid om die Amerikaanse geskiedenis binne 'n wêreldhistoriese konteks te bestudeer en die belangrikheid van oorsigwerke in hierdie verband. Stearns meen dat oorsigwerke oor die Amerikaanse geskiedenis dikwels nie genoeg aandag aan die wyer konteks gee nie.
12. Vergelyk Van Jaarsveld, *Geskiedkundige Verkenninge*, pp 51, 65.

die begin van die twintigste eeu verskyn het, in beskouing geneem. In die vroeë twintigste eeu het werke van wetenskaplike historici verskyn wat vir skole en ook vir algemene gebruik bedoel is. Hierdie boeke word hier van nader bekyk, maar latere skoolhandboeke word buite beskouing gelaat. 'n Hele aantal geheeloorsigte is gepubliseer, waarvan feitlik almal opgespoor kon word en deurgegaan is, maar wat nie almal in die artikel vermeld word nie.[13] Daar word gekonsentreer op boeke wat poog om 'n beeld van die hele Suid-Afrikaanse geskiedenis te gee, maar werke wat 'n lang periode in die Suid-Afrikaanse geskiedenis oorsigtelik behandel, is ook by die ondersoek ingesluit. Verskeie werke handel oor die hele Suider-Afrika en sluit dus Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland en soms ook Zimbabwe, Mosambiek en Angola in. In dié geskrifte staan die geskiedenis van Suid-Afrika deurgaans in die sentrum en die verbande wat gelê word tussen die geskiedenis van Suid-Afrika en die buurlande dui veral aan hoedat hierdie lande deur ontwikkelinge in Suid-Afrika, eerder as andersom, beïnvloed is.

Aangesien daar baie ooreenkomste is tussen die wyse waarop veral die verskillende Afrikaanstalige skrywers aandag aan die wêreldhistoriese konteks gee, word Engelstalige werke eerste en vervolgens Afrikaanstalige werke, telkens hoofsaaklik in kronologiese volgorde, bekyk. Daarna word aandag kortliks aan enkele Duitstalige boeke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis gegee.

## Engelstalige werke

G.M. Theal, een van Suid-Afrika se mees produktiewe geskiedskrywers, was nie 'n opgeleide historikus nie, maar sy werke het 'n wetenskaplike inslag en hy het 'n baie groot invloed op latere interpretasies van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gehad.[14] Hy het in die laat negentiende en vroeë twintigste eeu 'n hele aantal werke geskryf waarin bepaalde tydperke in die geskiedenis behandel word en wat saam 'n reeks vorm wat 'n oorsig oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis bied. Hierdie boekereeks, wat uiteraard net tot die laat negentiende eeu strek, is die mees omvattende geheeloorsig van die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat

13. Byna al die werke wat voor 1990 verskyn het, word aangedui in C.F.J. Muller, F.A. van Jaarsveld, T. van Wijk and M. Boucher, *South African History and Historians – a Bibliography* (Unisa, Pretoria, 1979), asook B.J. Liebenberg, K.W. Smith and S.B. Spies, *A Bibliography of South African History, 1978-1989* (Unisa, Pretoria, 1992).
14. Vergelyk K. Smith, *The Changing Past; Trends in South African Historical Writing* (Southern, Johannesburg, 1988), p 31.

nog verskyn het.[15] Sy werke is verskeie kere hersien en in 1918-1919 het die laaste uitgawe van sy *History of South Africa* as 'n reeks van elf bande verskyn.[16] Theal gee hoofsaaklik 'n kronologiese oorsig van gebeure en doen min interpretasie.[17] Daar is dus byna geen sprake daarvan dat verbande met ontwikkelinge in Europa of ander wêrelddele getrek word nie. Die tweede van die elf bande[18] handel tog oor ontwikkelinge wat die Nederlandse vestiging aan die Kaap in 1652 voorafgegaan het, in besonder die Portugese en hulle vestiginge in Suider-Afrika. In die eerste hoofstuk word die geskiedenis van Portugal voor die ontdekkingsreise behandel en in latere hoofstukke word heelwat aandag aan die Portugese handelsryk in die Ooste gegee. Daar is egter geen hoofstuk of onderafdeling oor die geskiedenis van Nederland en die vestiging van die Nederlandse handelsryk, waarvan die Kaapkolonie vir byna 150 jaar deel uitgemaak het, nie. In band drie word direk begin met die tydperk van Jan van Riebeeck aan die Kaap. Theal verwys in bande drie en vier wel kortliks (meesal net in 'n enkele paragraaf of sin) na gebeure in Nederland,[19] en in die latere bande is daar wel af en toe baie kort verwysings na ontwikkelinge in Groot-Brittanje en die Britse Ryk, maar binne sy uitgebreide oorsig is hierdie verwysings so beknop dat daar nie werklik sprake is van 'n wyer konteks waarbinne die Suid-Afrikaanse geskiedenis bekyk word nie. Theal het verskeie verkorte weergawes van sy *History of South Africa* gepubliseer wat veral vir skoolgebruik bedoel was.[20] Daarin gee hy, net so min as in die uitgebreide elfdelige werk, noemenswaardige aandag aan die groter raamwerk waarbinne die Suid-Afrikaanse geskiedenis beskou behoort te word.[21]

---

15. Vergelyk C. Saunders, *The Making of the South African Past; Major Historians on Race and Class* (Philip, Kaapstad, 1988), p 9.
16. G.M. Theal, *History of South Africa* (Allen & Unwin, Londen, 1918-1919), 11 bande. 'n Faksimee-uitgawe van hierdie reeks is in 1964 deur C. Struik, Kaapstad, gepubliseer.
17. Smith, *The Changing Past*, p 38; Saunders, *The Making of the South African Past*, p 19.
18. Theal, *History of South Africa* I, handel oor die Khoisan en die Bantusprekende inwoners van Suid-Afrika en is hoofsaaklik 'n etnografiese of antropologiese studie.
19. Onder meer Theal, *History of South Africa* III, pp 203-205, 330, 492; Theal, *History of South Africa* IV, pp 28, 214, 313.
20. Smith, *The Changing Past*, p 34.
21. Vergelyk onder meer G.M. Theal, *South Africa; the Union of South Africa, Rhodesia, and all Other Territories South of the Zambesi* (Ernest Benn, Londen, 1917).

’n Vroeë werk waarin spesifiek gepoog word om Suid-Afrika se geskiedenis binne ’n wyer konteks te behandel, het in 1915 verskyn.[22] Die skrywer daarvan, C.D. Hope, was prinsipaal van ’n hoërskool en hoewel dit nie in die boek so aangedui word nie, is dit waarskynlik veral vir skoolgebruik bedoel.[23] Dit gee ’n oorsig van hoofsaaklik die politieke geskiedenis van Suid-Afrika tot ongeveer 1880 teen die agtergrond van ontwikkelinge in Europa en die Europese koloniale ryke. Die ontdekkingsreise en totstandkoming van handelsmaatskappye in sowel Engeland as Nederland word byvoorbeeld kortliks behandel, sodat die ontstaan en ontwikkeling van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie (VOC) in ’n wyer perspektief geplaas word. Hy behandel die agteruitgang van Nederland en die VOC in die loop van die agtiende eeu en gee heelwat aandag aan die Amerikaanse Vryheidsoorlog, die Franse Rewolusie en die Napoleontiese oorloë, asook die uitwerking daarvan op Suid-Afrika. Die hoofstuk oor die afskaffing van slawerny begin met ’n inleiding oor slawerny as instelling sedert die Oudheid en die rol wat dit in die Europese kolonies gespeel het.[24] Die verlening van selfregering aan die Kaapkolonie word behandel met verwysing na ontwikkelinge in ander Britse kolonies, en daar word gepoog om die vraag te beantwoord waarom die Kaapkolonie later as die Australiese kolonies selfbestuur verkry het.[25] Hope slaag oor die algemeen goed daarin om die verbande tussen ontwikkelinge in Suid-Afrika en die wyer wêreld te trek. Dit is ’n baie oorsigtelike werk waarin net breë lyne getrek word, maar waarin die groter raamwerk waarbinne die Suid-Afrikaanse geskiedenis gesien behoort te word, beter na vore kom as in die meeste latere geheeloorsigte.

E.A. Walker se oorsigwerk wat vir die eerste keer in 1928 verskyn het[26] en waarvan hersiene en opgedateerde uitgawes in 1940, 1957 en 1962 die lig gesien het, is vir etlike dekades as die mees gesaghebbende Engelstalige oorsig oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis beskou.[27] In die voorwoord van die 1962-uitgawe verklaar hy dat “Western Civilization, tribal Africa and, to a lesser degree, theocratic Asia” die hoofelemente in

---

22. C.D. Hope, *Our Place in History; a Comparative History of South Africa in Relation to other Countries* (Juta, Johannesburg, 1915). Die boek beslaan ongeveer 250 bladsye. ’n Eerste, minder uitgebreide uitgawe het reeds in 1909 verskyn.
23. Hope, wat ’n MA-graad aan die Universiteit van Oxford verwerf het, was volgens die titelblad van die boek in 1915 prinsipaal van Potchefstroom College.
24. Hope, *Our Place in History*, pp 106-110.
25. Hope, *Our Place in History*, pp 158-164.
26. E.A. Walker, *A History of South Africa* (Longmans, Londen, 1928).
27. Smith, *The Changing Past*, pp 125-126.

die Suid-Afrikaanse geskiedenis vorm,[28] maar daar word in sy werk baie min aandag gegee aan die faktore uit Europa, Afrika en Asië wat die geskiedenis van Suider-Afrika beïnvloed het. Dit is 'n verhalende geskiedwerk waarin veral politieke gebeure behandel word, sonder om faktore te ontleed. Daar is wel kort verwysings na relevante ontwikkelinge in Europa soos die agteruitgang van Nederland in die agtiende eeu,[29] Europese imperialisme in Afrika gedurende die laat negentiende eeu[30] en veral die verloop van die Tweede Wêreldoorlog.[31] Aan die ontwikkeling van die Britse Ryk en Statebond, asook hoe Suid-Afrika daardeur geraak is, word nie veel aandag gegee nie. Walker was ook as redakteur verantwoordelik vir 'n verdere oorsigwerk oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat in 1936 as deel van 'n boekereeks oor die geskiedenis van die Britse Ryk verskyn het.[32] Anders as wat 'n mens sou verwag, word die Suid-Afrikaanse geskiedenis in die boek as geheel nie baie sterk binne die konteks van ontwikkelinge in Brittanje en die Britse Ryk geplaas nie. Slegs een hoofstuk, geskryf deur Walker self, waarin die Suid-Afrikaanse kolonies (en later die Unie van Suid-Afrika) se konstitusionele ontwikkeling binne die struktuur van die Britse Ryk gedurende die periode 1880-1921 behandel word,[33] lewer 'n belangrike bydrae tot die plasing van die Suid-Afrikaanse geskiedenis binne die konteks van dié van die Britse Ryk.

In C.W. de Kiewiet se *History of South Africa, Social and Economic*,[34] word heelwat meer aandag gegee aan die Britse Ryk as groter konteks. Hierdie boek, wat deur verskeie historici as een van die beste en invloedrykste werke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis bestempel is,[35] is beplan as deel van 'n reeks boeke oor die geskiedenis

---

28. E.A. Walker, *A History of Southern Africa* (Longmans, Londen, 1962), p vi. Daar word verder na hierdie uitgawe verwys.
29. Walker, *A History of Southern Africa*, pp 77, 100-101.
30. Walker, *A History of Southern Africa*, pp 400, 404.
31. Walker, *A History of Southern Africa*, pp 694-743.
32. E.A. Walker (ed), *The Cambridge History of the British Empire* VIII: *South Africa, Rhodesia and the High Commission Territories* (University Press, Cambridge, 1963). Soos in die eerste uitgawe van 1936 word die geskiedenis van Suid-Afrika in hierdie hersiene uitgawe net tot 1921 behandel.
33. Walker, *The Cambridge History* VIII, pp 763-787.
34. C.W. de Kiewiet, *A History of South Africa, Social and Economic* (University Press, Oxford, 1941). Die boek is verskeie kere herdruk, maar daar het geen hersiene uitgawe verskyn nie.
35. Vergelyk Saunders, *The Making of the South African Past*, pp 93-94; Smith, *The Changing Past*, p 113.

van die Britse dominiums.[36] Dit het gedurende die oorlogsjare in Brittanje verskyn en De Kiewiet is gevra om dit weens die papierskaarste so kort as moontlik te hou. ’n Hoofstuk oor Suid-Afrika se plek binne die Britse Ryk moes daarom agterweë bly.[37] Tog het De Kiewiet Suid-Afrika se sosio-ekonomiese ontwikkeling veral binne die raamwerk van die Britse Ryk geplaas. Hy verklaar in die voorwoord dat die geskiedenis van die Britse dominiums ’n eenheid vorm, nie net omdat hulle deel vorm van die Britse Ryk nie, maar ook weens “the similarity of their struggle to escape from the isolation and the poverty and the helplessness of their first tiny settlements”.[38] Daar is in die geskiedenis van die dominiums “the same movement from dependence to political maturity, from economic feebleness to important positions in the economy of the world”.[39]

Suid-Afrika verskil van die ander dominiums veral weens die heterogene aard van sy bevolking en die probleme van ras en kleur.[40] Die boek bevat geen afdelings of selfs aparte paragrawe waarin aspekte van die geskiedenis van Australië, Nieu-Seeland of Kanada bespreek word nie. Daar is slegs talle kort vergelykende verwysings, meesal van ’n enkele sin of sinsnede, na gebeurtenisse, ontwikkelinge en toestande in die ander dominiums. Op hierdie wyse word Suid-Afrika wel binne ’n breër konteks, maar dan spesifiek die konteks van die ontwikkeling van die Britse dominiums, bekyk. Sulke vergelykings dra dikwels daartoe by om die faktore van buite wat Suid-Afrika beïnvloed het, te begryp. So word byvoorbeeld verduidelik dat die verswakking van stamgebondenheid onder swart groepe in Suid-Afrika daartoe gelei het dat hulle beskikbaar was om op goud- en diamantmyne te werk, terwyl daar in Kanada en Australië baie minder van arbeid van inheemse groepe gebruik gemaak kon word. Dit het weer daartoe gelei dat daar in laasgenoemde lande meer geleenthede vir immigrante uit Europa was en dat hierdie lande daarom meer immigrante as Suid-Afrika gelok het.[41] Daar is ook ’n aantal kort vergelykende verwysings na ander lande soos die Verenigde State van Amerika, Brasilië en Indië. Slegs die eerste hoofstuk handel oor die sewentiende- en agtiende-eeuse periode. Daarin

---

36. De Kiewiet, *A history of South Africa, Social and Economic*, p vi. Uiteindelik was dit die enigste deel van die beplande reeks wat verskyn het; vergelyk Smith, *The Changing Past*, p 116.
37. Smith, *The Changing Past*, p 116.
38. De Kiewiet, *A History of South Africa, Social and Economic*, pp v-vi.
39. De Kiewiet, *A History of South Africa, Social and Economic*, p vi.
40. De Kiewiet, *A History of South Africa, Social and Economic*, p vi.
41. De Kiewiet, *A History of South Africa, Social and Economic*, pp 86-87. Vergelyk Saunders, *The Making of the South African Past*, p 92.

word net baie kortliks na die wêreldhandel van daardie tyd verwys. Slegs enkele opmerkings word verder oor die Kaapkolonie se plek binne die Nederlandse handelsryk gemaak.

In die eerste dekades na die Tweede Wêreldoorlog het verskeie kort oorsigte oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis verskyn,[42] waarvan slegs die boek van L. Marquard[43] noemenswaardige aandag gee aan die wêreldhistoriese raamwerk. In die hoofstukke oor die vroeë ontwikkeling van die Kaapkolonie, is daar beknopte vergelykings met die geskiedenis van ander kolonies, soos dié in Noord-Amerika en Australië.[44] Wat die negentiende-eeuse geskiedenis betref, is daar 'n aantal kort toepaslike verwysings na ontwikkelinge in Brittanje en Europa.

*The Oxford History of South Africa*[45] word gewoonlik beskou as die eerste belangrike geskiedwerk waarin die swartmense eerder as die wit bevolkingsgroep in die sentrum van die Suid-Afrikaanse geskiedenis staan.[46] Tog word die geskiedenis van Suid-Afrika nie teen die agtergrond van wyer ontwikkelinge in Afrika of ook van die wêreld as geheel bekyk nie. In hoeverre was die aard van die Khoisan, Sotho- en Ngunivolke se samelewings, waaraan heelwat aandag in hierdie werk gegee word, uniek aan Suid-Afrika en in hoeverre was dit deel van 'n patroon wat in groter dele van Afrika gegeld het? Dit kom nie in hierdie werk na vore nie. In die kort oorsigwerke van F. Troup, G. Parker en P. Pfukani, asook A.R. Willcox,[47] word daar meer aandag aan die wyer Afrika-agtergrond gegee, maar eintlik net vir die periode voor die sewentiende eeu. Die boek van Parker en Pfukani behandel byvoorbeeld die sogenaamde prehistoriese periode in Afrika en vroeë bevolkingsverskuiwings in Oos-, Sentraal en Suidelike Afrika in enkele bladsye,[48] voordat daar kortliks gelet word op die vroeë geskiedenis van die Khoisan en Bantusprekende groepe.

---

42. Onder meer M.S. Geen, *The Making of South Africa* (Longman, Londen, 1946); A. Keppel-Jones, *South Africa: a Short History* (Hutchinson, New York, 1949); A. Hepple, *South Africa: a Political and Economic History* (Praeger, New York, 1966).
43. L. Marquard, *A Short History of South Africa* (Praeger, New York, 1968).
44. Marquard, *A Short History of South Africa*, pp 56, 106, 157 en meer.
45. M. Wilson en L. Thompson (eds), *The Oxford History of South Africa* (Clarendon Press, Oxford, 1969-1971), 2 bande.
46. Vergelyk Smith, *The Changing Past*, p 139.
47. F. Troup, *South Africa; an Historical Introduction* (Methuen, Londen, 1972); G. Parker and P. Pfukani, *History of Southern Africa* (Bell, Londen, 1975); A.R. Willcox, *Southern Land: the Prehistory and History of Southern Africa* (Purnell, Kaapstad, 1976).
48. Parker and Pfukani, *History of Southern Africa*, pp 11-17.

Van die *Oxford History* het daar nooit ’n hersiene uitgawe verskyn nie. Die oorsigwerk van R. Davenport, wat vir die eerste keer in 1977 gepubliseer is en waarvan die vyfde hersiene uitgawe in 2000 verskyn het,[49] is die enigste resente werk wat ’n omvattende oorsig van die Suid-Afrikaanse geskiedenis tot aan die einde van die twintigste eeu bied. Daarin word egter baie min aandag gegee aan verbande met die res van Afrika, Europa en die wêreld. In die eerste hoofstuk is daar kort opmerkings oor die verhuisings van vroeë stamme uit Sentraal-Afrika na die suidelike deel van die vasteland.[50] Verder is daar ’n hoofstuk met die opskrif “The Enlightenment and the Great Trek”,[51] maar dit bevat net enkele kort verwysings na die Europese Verligting sonder enige verdere verduideliking van wat hierdie beweging behels het. Die geskiedenis van swart nasionalistiese bewegings word feitlik sonder die trek van verbande met dekolonisasie en nasionalisme in die res van Afrika, behandel. Ook die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika, waaraan in hierdie boek meer aandag as in die meeste vroeëre oorsigwerke gegee word, word nie binne die konteks van die ekonomiese ontwikkelinge in die Weste en die wêreld as geheel bekyk nie.

Daar het in die afgelope dekade verskeie kort geheeloorsigte verskyn.[52] Geen van hierdie werke gee veel aandag aan die wyer konteks nie. Slegs L.M. Thompson gee, soos De Kiewiet ’n halfeeu tevore gedoen het, ’n aantal kort vergelykende verwysings na ontwikkelinge in Kanada, Australië en die VSA.[53]

*The Shaping of South African Society*[54] handel net oor die geskiedenis van die Kaapkolonie in die periode 1652-1840. In die voorwoord word verklaar dat die skrywers gepoog het om die Kaapkolonie binne wyer kontekste, naamlik as deel van die Afrikakontinent, en ook onder meer as ’n koloniale en ’n slawegemeenskap te sien en dat ’n vergelykende perspektief nagestreef is. Tog word in hierdie boek, waaraan verskeie skrywers meegewerk het, nie

49. R. Davenport and C. Saunders, *South Africa: a Modern History* (Macmillan, Basingstoke, 2000). Hierdie vyfde uitgawe beslaan ongeveer 800 bladsye.
50. Davenport and Saunders, *South Africa: a Modern History*, pp 8-9.
51. Davenport and Saunders, *South Africa: a Modern History*, p 36.
52. J.D. Omer-Cooper, *A History of Southern Africa* (Philip, Kaapstad, 1994); N. Worden, *The Making of Modern South Africa: Conquest, Segregation and Apartheid* (Blackwell, Oxford, 1994); L.M. Thompson, *A History of South Africa* (Yale University Press, New Haven, 1995); R. Ross, *A Concise History of South Africa* (University Press, Cambridge, 1999).
53. Thompson, *A History of South Africa,* pp 56, 63, 133, 146, 158 en meer.
54. R. Elphick and H. Giliomee (eds), *The Shaping of South African Society, 1652-1840* (Maskew Miller Longman, Kaapstad, 1989).

baie vergelyking met ander lande gedoen nie. Daar is net enkele hoofstukke waarin ontwikkelinge in die Kaapkolonie duidelik binne 'n wyer raamwerk geplaas word. Hoofstuk 5, deur R. Ross, oor die Kaapkolonie en die wêreldekonomie, trek verbande tussen ekonomiese ontwikkelinge aan die Kaap en in die Nederlandse koloniale ryk, asook die hele wêreldekonomie van daardie tyd.[55] Hy toon ook aan hoe die samelewingstruktuur aan die Kaap deur wêreldekonomiese faktore beïnvloed is. In Hoofstuk 6 dui Gerrit Schutte aan hoe die Kaapkolonie binne die politieke stelsel van Nederland, en van die VOC in die besonder, ingepas het.[56] Hy wys byvoorbeeld daarop dat daar nie net in die Kaapkolonie nie, maar ook in ander VOC-besittings, soos Batavia en die Molukke-eilande, vryburgers was. Die direkteure van die Kompanjie het gehoop dat hierdie vryburgers onder andere as betroubare onderdane sou help om stabiliteit in die kolonies te verseker en dat dit sou meebring dat die garnisoene verklein kon word. Daar is egter gevind dat die vryburgers dikwels nie baie lojale onderdane was nie. Hierdie en ander probleme het die Kompanjie se beleid teenoor vryburgers in al sy kolonies en dus ook aan die Kaap geraak.[57] In die hoofstukke wat oor die slawe handel, word nie duidelik aangetoon hoe slawerny aan die Kaap deel gevorm het van 'n patroon wat in die Europese kolonies van daardie tyd gegeld het nie. Hoewel die boek in besonder op sosiale ontwikkelinge fokus, word nie veel aandag gegee aan die invloed op die Kaap van die kultuur en samelewing in die Ooste, waar die sentrum van die VOC se bedrywighede was en waarvandaan 'n groot deel van die slawe afkomstig was nie. Tog is dit, naas die werke van Hope en De Kiewiet, die enigste Engelstalige oorsigwerk waarin in 'n belangrike mate gepoog word om aan te dui hoe bepaalde ontwikkelinge en toestande in die Kaapkolonie deur faktore van buite bepaal is.

## Nederlands- en Afrikaanstalige werke

E.C. Godée-Molsbergen, eerste professor in Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch, se beknopte oorsig oor die Suid-Afrikaanse

---

55. R. Ross, "The Cape of Good Hope and the World Economy, 1652-1835", *in* Elphick and Giliomee (eds), *The Shaping of South African Society, 1652-1840*, pp 243-280.
56. G. Schutte, "Company and Colonists at the Cape", *in* Elphick and Giliomee (eds), *The Shaping of South African Society, 1652-184*, pp 283-323.
57. Schutte, "Company and Colonists at the Cape", pp 289-290.

geskiedenis wat in 1910 verskyn het, was vir skoolgebruik bestem.[58] As een van die eerste oorsigwerke deur 'n wetenskaplike historikus, verdien dit tog om in oënskou geneem te word. In die eerste hoofstuk word kortliks na die verskillende menserasse verwys en aangedui dat daar in Suid-Afrika mense van verskillende rasse woon. Godée-Molsbergen maak enkele opmerkings oor die ou beskawings, waarby hy China insluit, en bespreek die ontstaan en verspreiding van die Christendom en die Kerkhervorming kortliks. Hy behandel die vroeë reise langs die kuste van Afrika sedert die tydperk van die ou Egiptiese beskawing en daarna die Portugese reise na die Ooste. Die tweede hoofstuk handel oor die vroeë geskiedenis van Nederland en die tagtigjarige stryd teen Spanje. Hoofstuk 3 gaan oor die Nederlandse reise na die Ooste en die stigting van die VOC. Daarna volg vier hoofstukke oor die Kompanjiestyd, waar ontwikkelinge aan die Kaap in verband gebring word met gebeure in Europa en veral met die handelsoorloë tussen Nederland en Engeland. Wat betref die eerste Britse oorname van die Kaap, die Bataafse tydperk en die tweede Britse oorname in 1806, word die relevante gebeure in Europa en in die besonder in Nederland, kortliks as agtergrond geskets. Die negentiende-eeuse geskiedenis word egter byna sonder enige verwysings na ontwikkelinge in Groot-Brittanje, Europa of die res van Afrika behandel. Die klem val dus veral op die Nederlandse agtergrond waarteen die vroeë geskiedenis van Suid-Afrika gesien moet word. Hoewel Godée-Molsbergen 'n feitelike oorsig bied sonder veel bespreking en sonder dat veel eksplisiete oordele gevel word, wyk die beeld wat hy van die geskiedenis bied tog van die Engelstalige werke van daardie tyd waarin die Britse agtergrond meer aandag ontvang, af. Met die verskyning van die boek is hy in Engelstalige koerante van 'n anti-Britse siening van die geskiedenis beskuldig.[59]

S.F.N. Gie, ook 'n professor in Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch, het die eerste wetenskaplike oorsig oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis in Afrikaans geskryf. Dit is uitgegee in twee bande[60] wat op skool, maar ook in wyer verband gebruik is. Gie het in sy

---

58. E.C. Godée-Molsbergen, *Geschiedenis van Zuid-Afrika voor Schoolgebruik* (Longmans, Londen, 1910).

59. P.H. Kapp, *Verantwoorde Verlede; 'n Historiografiese Studie* (Privaat publikasie, Stellenbosch, 2004), pp 17-18.

60. S.F.N. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika of Ons Verlede* I (Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1924); S.F.N. Gie, *Geskiedenis vir Suid-Afrika of Ons Verlede* II (Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1928). Daar het verskeie verdere uitgawes verskyn – die vierde en laaste een in 1942. In die laaste uitgawe is 'n addendum oor resente historiese ontwikkelinge bygevoeg, maar die teks self het feitlik onveranderd gebly. Die verwysings in hierdie artikel is dus na die eerste uitgawe.

lesings die samehang van gebeure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis met ontwikkelinge in Europa beklemtoon[61] en besonder baie aandag aan die wyer konteks gegee. Hy bied feitlik 'n parallelle geskiedenis van Suid-Afrika en Europa aan, daarom noem hy die tweede deel van sy werk eerder *Geskiedenis vir Suid-Afrika*.[62]

Gie meen dat onder die geskiedenis van Suid-Afrika verstaan moet word "die geskiedenis van die Europese beskawing in Suid-Afrika".[63] In die eerste hoofstuk begin hy dan ook om die begrip "beskawing" te verduidelik en verwys kortliks na ou beskawings, insluitend dié van Indië en China. Hy sien die Midde-Ooste as bakermat van "ons beskawing" en die Germane as "ons voorouers".[64] Daar word baie kortliks geskryf oor die Middeleeue, meer uitgebreid oor die Renaissance, die ontdekkingsreise en vestiging van die Portugese handelsryk. Daarna skets hy die agtergrond tot die Nederlanders se reise na die Ooste, hulle wedywering met die Engelse en die stigting van die VOC. In sy behandeling van die vroeë ontwikkeling van die Nederlandse kolonie aan die Kaap, verwys hy, soos Godée-Molsbergen, telkens na die Europese agtergrond. Hy skryf uitgebreid oor die Franse Rewolusie en bestempel dit as "die groot ineenstorting in Europa",[65] wat lei tot "die groot ineenstorting in Suid-Afrika", dit wil sê, die verval en beëindiging van die Kompanjiesbewind aan die Kaap. Die tweede band dra, soos reeds aangedui is, in nog groter mate die karakter van 'n parallelle geskiedenis van Suid-Afrika en Europa. Die eerste hoofafdeling van hierdie deel het die opskrif "Die Napoleontiese Oorlogsjare en hul naweë".[66] Dit bevat ook 'n hoofstuk oor Groot-Brittanje en Europa, wat 'n goeie agtergrond bied vir die vroeë Britse periode aan die Kaap. Die tweede hoofafdeling, getiteld "Liberalisme en Nasionalisme, 1826-1870", bevat vier hoofstukke oor Europese geskiedenis. Veral die invloed van die Liberalisme op Groot-Brittanje word beklemtoon.[67] Die volgende hoofstuk trek die invloed van die Liberalisme deur na ontwikkelinge in die Kaapkolonie, soos die vrystelling van slawe, hoewel daar geen direkte terugverwysings na die vorige hoofstukke is nie. Die derde hoofafdeling het as opskrif "Die nuwe imperialisme" en bevat 'n hoofstuk oor die groei van imperialisme in Brittanje. Daarna volg 'n hoofstuk oor die anneksasie van Transvaal in 1877 en die oorlog wat daarop gevolg het.

61. Kapp, *Verantwoorde Verlede*, p 31.
62. Gie, *Geskiedenis vir Suid-Afrika of Ons Verlede* II, voorwoord.
63. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika of Ons Verlede* I, voorwoord.
64. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika of Ons Verlede* I, pp 3-9.
65. Gie, *Geskiedenis van Suid-Afrika of Ons Verlede* I, pp 220-240.
66. Gie, *Geskiedenis vir Suid-Afrika of Ons Verlede* II, pp 34-61.
67. Gie, *Geskiedenis vir Suid-Afrika of Ons Verlede* II, pp 224-234.

Daar is ook 'n afdeling oor die verdeling van Afrika, terwyl die slothoofstuk die Britse uitbreiding en verowering in Suid-Afrika behandel, met net 'n kort oorsig oor die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902. In hierdie laaste hoofafdeling oor die laat negentiende eeu word eintlik meer aandag aan wêreldgeskiedenis as aan Suid-Afrikaanse geskiedenis gegee. Soos in die eerste deel, word die wêreld- en Europese geskiedenis hoofsaaklik los van die Suid-Afrikaanse geskiedenis in aparte hoofstukke en afdelings behandel,[68] hoewel die indeling en oorkoepelende temas van Liberalisme, Nasionalisme en Imperialisme tog meebring dat daar 'n draad van die hoofstukke oor algemene geskiedenis na dié oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis deurloop. Gie gee hoofsaaklik 'n oorsig van die politieke geskiedenis van Suid-Afrika en behandel dit teen die agtergrond van politieke ontwikkelinge in Europa en die Westerse Wêreld.

Die historikus en dosent, E. Stockenström, se lywige oorsigwerk is spesifiek vir skoolgebruik bedoel.[69] Hoewel die titel herinner aan die boek van Hope, waarna in die vorige afdeling verwys is, kom Suid-Afrika se plek in die algemene geskiedenis daarin glad nie so goed na vore as in Hope se werk nie. Net in die eerste gedeelte, wat oor die periode tot 1806 handel, word heelwat aandag aan die Europese en Nederlandse agtergrond gegee. In die latere hoofstukke word slegs baie kursories oor ontwikkelinge in Europa en die Britse Ryk geskryf.

In 1951 het die tweedelige *Geskiedenis van Suid-Afrika*, die gesamentlike produk van 'n groot groep aantal Afrikaanse historici, verskyn.[70] Dit was lank die Afrikaanse standaardwerk oor Suid-Afrikaanse geskiedenis en is in 1965 in 'n verkorte hersiene vorm heruitgegee.[71] Die eerste band, wat die titel "Die witman in Suid-Afrika" dra, bevat 'n hoofsaaklik kronologiese oorsig oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Daar word heelwat aandag aan die opkoms van die Nederlandse handelsryk en die faktore wat tot die stigting van die

---

68. Vergelyk Van Jaarsveld, *Geskiedkundige Verkenninge*, p 72.
69. E. Stockenström, *Geskiedenis van Suid-Afrika* II*: die Plek van Suid-Afrika in die Algemene Geskiedenis, 1700-1914* (Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1928). Die boek bevat 511 bladsye.
70. A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid en A.L. Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* (Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1951).
71. A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid en A.L. Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* (Nasou, Kaapstad, 1965). 'n Tweede uitgawe, verwerk en bygewerk deur D.W. Krüger. Hierdie uitgawe is hoofsaaklik 'n hersiene weergawe van band I van die oorspronklike uitgawe en word hier nie verder bespreek nie.

verversingspos in 1652 gelei het, gegee.[72] Verder is daar slegs enkele kort verwysings na gebeure in Europa wat die Nederlandse kolonie aan die Kaap beïnvloed het.[73] Die redes waarom die Kaap in 1795 en daarna weer in 1806 'n Britse kolonie geword het, word feitlik nie bespreek nie. Ook in die hoofstukke oor die negentiende eeu, word baie min geskryf oor sake soos die internasionale agtergrond tot die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902. In die tweede band word die Suid-Afrikaanse geskiedenis tematies behandel. In die eerste van vier hoofafdelings word die ontwikkeling van bestuursvorme in Suid-Afrika bekyk. Daar is 'n inleidende hoofstuk oor bestuursvorme in Nederland en Nederlands-Oos-Indië, maar geen hoofstuk of selfs onderafdeling oor Britse bestuursvorme nie. Die tweede hoofafdeling, oor ekonomiese ontwikkeling, bevat 'n hoofstuk oor die beleid van die VOC, maar nie een oor die ekonomiese beleid van die Britse Ryk nie. In die hoofstukke oor die derde tema, naamlik "inboorling- en kleurlingbeleid", word feitlik geen aandag aan algemene beleid teenoor inboorlinge in die Nederlandse en Britse kolonies gegee nie. Die laaste tema, "die kultuurstryd van die Afrikaner", begin met 'n kort oorsig van Nederland se sosiale en kulturele geskiedenis vanaf die Middeleeue tot in die sewentiende eeu. In die werk as geheel word dus heelwat geskryf oor die Nederlandse agtergrond waarteen ontwikkelinge in Suid-Afrika beskou behoort te word, maar baie min oor agtergrondsontwikkelinge in Groot-Brittanje, die Britse Ryk, Europa en ander wêrelddele. Hierdie inkonsekwente wyse waarop die Suid-Afrikaanse geskiedenis in 'n wyer konteks geplaas is, is moontlik die gevolg van swak beplanning deur die redakteurs, maar waarskynlik ook daarvan dat nie net die witmens nie, maar die Afrikaner vir die skrywers van hierdie werk in die sentrum van die Suid-Afrikaanse geskiedenis staan[74] en dat hulle veral die verbondenheid met Nederland wou beklemtoon. Hulle was minder geïnteresseerd daarin om die invloed van ontwikkelinge in Brittanje, Europa en die wêreld in die algemeen op die Suid-Afrikaanse geskiedenis aan te toon.

*Drie Eeue,* 'n populêr-wetenskaplike oorsig oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat gedurende 1952-1953 in vyf boekdele verskyn het, is eweneens 'n versamelwerk waaraan verskeie historici meegewerk het.[75] In sommige bande en hoofstukke word heelwat aandag aan die wyer konteks bestee, in ander weer nie. Anna Böeseken, wat die

72. Van der Walt, Wiid en Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* I, pp 17-47.
73. Van der Walt, Wiid en Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* I, pp 86, 93, 165, 168 en meer.
74. Vergelyk Kapp, *Verantwoorde Verlede*, pp 38, 60-61.
75. A.J. Böeseken, D.W. Krüger en A. Kieser (reds.), *Drie eeue; die verhaal van ons vaderland* (Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1952-1953), 5 bande.

eerste band geskryf het, behandel die politieke ontwikkeling van die Kaapkolonie in die sewentiende en agtiende eeu teen die agtergrond van ontwikkelinge in Europa, veral van die stryd tussen Nederland en die ander Europese seemoondhede. Sy skryf ook oor die ekonomiese en sosiale ontwikkeling van die kolonie, maar sonder veel verwysings na patrone in die wêreldhandel of die sosiale lewe in Europa. In die tweede band is daar net enkele kort verwysings na die politieke agtergrond tot die Britse oorname van die Kaap,[76] terwyl bande drie en vier, twee hoofstukke deur G.D. Scholtz bevat waarin die oorsake van die Anglo-Boereoorlog in wyer konteks bekyk, en die houding van die Europese lande teenoor die oorlog behandel word. Die vyfde band, deur D.W. Krüger en P.J. Cillié, handel oor die Unie van Suid-Afrika tot 1952. Dit skets sommige ontwikkelinge teen 'n wyer agtergrond. Veral wat die Tweede Wêreldoorlog betref, word die oorsake en algemene verloop van die oorlog baie uitgebreid behandel. Daarenteen word daar baie minder oor die oorsake en verloop van die Eerste Wêreldoorlog uitgewei. Oor die ontwikkeling van die Britse Ryk tot 'n gemenebes van onafhanklike state en dus die agtergrond waarteen die selfstandigwording van Suid-Afrika bekyk moet word, word net baie kortliks geskryf.[77] Hoewel daar in hierdie werk dus wel gepoog word om die Suid-Afrikaanse geskiedenis teen 'n wyer agtergrond te beskou, word dit inkonsekwent en onvolledig gedoen.

G.D. Scholtz se *Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek, 1652-1952*[78] is nie 'n oorsig oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis in die gewone sin van die woord nie. Dit is, soos die titel suggereer, spesifiek daarop ingestel om die verband tussen die politieke ontwikkeling van Suid-Afrika en die politieke ontwikkelinge op die wêreldtoneel aan te toon. Hy meen dat min Afrikaanse historici "nog op ernstige wyse rekenskap probeer gee [het] van die feit dat die geskiedenis van Suid-Afrika alleen dan behoorlik begryp kan word, indien dit gesien word as onderdeel van die algemene wêreldgeskiedenis".[79] Die uitwerking van die oorloë waarin Nederland in die sewentiende en agtiende eeue betrokke was, word goed aangetoon. Scholtz bespreek verder onder meer die strategiese betekenis wat die Kaapkolonie gedurende die negentiende eeu vir Brittanje gehad het en die opkoms van laat negentiende-eeuse imperialisme, asook imperiale wedywering tussen die groot moondhede, en die uitwerking daarvan op

76. Böeseken, Krüger en Kieser (reds.), *Drie eeue* II, pp 34-35, 70, 73-76, 108 en meer.
77. Böeseken, Krüger en Kieser (reds.), *Drie eeue* V, veral p 140.
78. G.D. Scholtz, *Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek, 1652-1952* (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1954).
79. Scholtz, *Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek,* voorwoord (ongenommerd).

Suid-Afrika. Ook die konstitusionele ontwikkeling van die Britse Ryk in die vroeë twintigste eeu en die implikasies vir Suid-Afrika word onder die loep geneem. Dit is 'n waardevolle boek wat die invloed van politieke gebeure op Suid-Afrika betref. Ander aspekte, soos die agtergrond tot die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse bestuursinstellinge, die ekonomie en die samelewing, kom egter nie in hierdie werk aan die orde nie.

Die werk *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*[80] het vir die eerste keer in 1968 verskyn. Dit is tot 1987 verskeie kere hersien en herdruk. Daar het sedertdien nog nie weer 'n Afrikaanstalige geheeloorsig van dieselfde omvang oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis verskyn nie. Ook in hierdie boek word die geskiedenis uit 'n wit perspektief gesien. Dit handel eintlik, soos in die voorwoord gestel, oor die "doen late van die witman in Suid-Afrika oor bykans 'n halfmillennium".[81] In die eerste hoofstuk word die agtergrond tot die Portugese omseiling van die Kaap behandel, maar daar word nie veel aandag gegee aan die opkoms van die Nederlandse handel nie. Ten opsigte van die Nederlandse en Britse tydperke in die Kaapkolonie, word byna geen verbande met ontwikkelinge in Europa getrek nie. Wat die twintigste-eeuse geskiedenis betref, word baie min geskryf oor sake soos die ontwikkeling van die Britse Ryk en Statebond as geheel. Daar is wel 'n slothoofstuk getiteld "Suid-Afrika en die vasteland van Afrika", maar daarin word veral ontwikkelinge in die buurlande behandel. Daar word wel kortliks aangedui hoe die dekolonisasie van Afrika en ontwikkelinge in Angola, Mosambiek en Rhodesië sedert ongeveer 1960 Suid-Afrika se posisie beïnvloed het.[82] Oor die algemeen is daar egter maar weinig sprake van 'n beskouing van die geskiedenis binne 'n groter raamwerk.[83]

F.A. van Jaarsveld se geheeloorsig wat in 1969 gepubliseer is en twee heruitgawes beleef het,[84] gee daarenteen heelwat aandag aan die

---

80. C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis* (Academica, Pretoria, 1968). Hersiene uitgawes het in 1975, 1980 en 1987 verskyn. Verwysings in die artikel is na die laaste uitgawe, wat 643 bladsye beslaan.
81. Muller, *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p ix.
82. Muller, *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, pp 577-586.
83. Vergelyk F.J. du T. Spies, "Leemtes in die Suid-Afrikaanse Geskiedskrywing", *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal,* 3, November 1971, p 90; J.S. Bergh, "Uitdagings vir die Afrikaanse Historikus", *Historia*, 32, 2, September 1987, p 18.
84. F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Verwoerd* (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1969). Die derde en laaste uitgawe het verskyn onder die titel *Van Van Riebeeck tot P.W. Botha* (Perskor, Johannesburg, 1982).

groter raamwerk waarbinne die ontwikkelinge in Suid-Afrika gesien behoort te word. Van Jaarsveld bied 'n inleidende oorsig waarin nie alle aspekte van die geskiedenis behandel word nie en hy veral "groot ontwikkelingslyne en basiese strukture"[85] aantoon. 'n Gedeeltelik tematiese indeling word gevolg. Slegs bepaalde ontwikkelinge in die VOC-tydperk word byvoorbeeld behandel. Hy bespreek onder meer die "ontstaan en wording van die Afrikaners"[86] en wys in dié verband baie kortliks op die Europese herkoms en erfenis.[87] In 'n hoofstuk oor die vroeë tydperk van Britse oorheersing, gee hy onder meer baie kortliks aandag aan die Britse politieke stelsel[88] en die invloed daarvan op Suid-Afrika. Van Jaarsveld bespreek verder die ontwikkeling van die Britse Ryk en Statebond in die vroeë twintigste eeu as agtergrond tot die ontvoogding van Suid-Afrika. Die tematiese indeling bring mee dat die agtergrondsinligting tot ontwikkelinge in Suid-Afrika nie altyd op die gepaste plekke gegee word nie. Westerse imperialisme in Afrika, wat gedurende die laat negentiende eeu so 'n belangrike invloed op gebeure in Suid-Afrika gehad het, word byvoorbeeld eers behandel lank na die afdeling wat oor die Anglo-Boereoorlog handel, naamlik as deel van 'n oorsig oor Westerse kolonialisme en die dekolonisasie van Afrika. In dié hoofstuk word verder aangedui dat apartheid en die tuislandbeleid as 'n reaksie op hierdie ontwikkelinge beskou kan word. Daar word ook kortliks aangetoon hoe die Koue Oorlog en ander politieke verwikkelinge in die wêreld na die Tweede Wêreldoorlog, politieke beleid en gebeure in Suid-Afrika beïnvloed het.[89] Hoewel Van Jaarsveld baie aandag aan die wyer konteks gee, is sy werkswyse in hierdie verband nie baie konsekwent nie. Sake soos die kolonisasie en dekolonisasie van Afrika word byvoorbeeld uitgebreid behandel, maar in die hoofstuk oor die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika, word nie aangetoon dat wêreldtendense Suid-Afrika ingrypend geraak het nie.

Die mees resente Afrikaanstalige oorsigwerk, deur H.J. van Aswegen, handel oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis tot 1854.[90] Daarin word eintlik slegs in die eerste hoofstuk wyer verbande getrek. In dié hoofstuk oor prehistoriese Suid-Afrika, word die vroeë ontwikkeling van die mens in die algemeen en in Afrika bespreek, en lyne deurgetrek na

---

85. D.J. van Zyl, "Prof. F.A. van Jaarsveld se Benadering tot die Algemene Geskiedenis van Suid-Afrika", *Historia*, 27, 1, Mei 1982, p 52.
86. Van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot P.W. Botha*, p 39.
87. Van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot P.W. Botha*, pp 41-44.
88. Van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot P.W. Botha*, pp 81-83.
89. Van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot P.W. Botha*, veral pp 476-487.
90. H.J. van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854* (Academica, Pretoria, 1989).

Suid-Afrika. In die latere hoofstukke is daar slegs hier en daar baie kort verwysings na ontwikkelinge buite Suid-Afrika. Hoewel Van Aswegen meer aandag as die ander Afrikaanse oorsigskrywers aan die inheemse bevolkingsgroepe gee, word dit nie eintlik teen 'n wyer Afrika-agtergrond gedoen nie.

## Duitstalige werke

Die oorgrote meerderheid oorsigwerke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis is in Engels of Afrikaans geskryf, maar enkele werke is in ander tale gepubliseer,[91] onder meer drie omvangryke werke in Duits.[92] Hoewel daar in al drie gepoog word om die Suid-Afrikaanse geskiedenis in 'n wyer raamwerk te plaas, word dit op uiteenlopende wyses gedoen. O. Hintrager gee heelwat aandag aan die opkoms van Portugal as seemoondheid, die Portugese ontdekkingsreise en die stigting van die VOC. Hy skets ook die Europese agtergrond tot die Britse oorname van die Kaapkolonie.[93] H.R. Bilger skryf min oor hierdie vroeë Europese agtergrondsontwikkelinge, maar gaan dieper in op Duitse imperialisme van die laat negentiende eeu en die invloed daarvan op Suider-Afrika. J. Fisch wy onder meer enkele bladsye aan die invloed van die Duitse Nasionaal-Sosialisme op Suid-Afrika en toon aan dat die apartheidsbeleid nie spesifiek uit hierdie ideologie voortgekom het nie.[94]

## Gevolgtrekkings en slotbeskouing

In die meeste oorsigwerke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis word maar min aandag gegee aan die wêreldhistoriese konteks. Dit geld in groter mate vir die Engelstalige as die Afrikaanstalige werke. Veral in die vroeë Afrikaanse oorsigte word die groter konteks deeglik in ag geneem. Een van die redes hiervoor is waarskynlik dat Britse geskiedenis gedurende die negentiende en vroeë twintigste eeue 'n sentrale plek in

---

91. In Frans het onder meer verskyn: R. Lacour-Gayet, *Histoire de l'Afrique du Sud* (Librairie Arthème Fayard, Parys, 1970).
92. O. Hintrager, *Geschichte von Südafrika* (Oldenbourg, München, 1952); H.R. Bilger, *Südafrika in Geschichte und Gegenwart* (Drückerei und Verlagsanstalt, Konstanz, 1976); J. Fisch, *Gechichte Südafrikas* (Deutscher Taschenbuch Verlag, München, 1990).
93. Hintrager, *Geschichte von Südafrika,* pp 9-21, 26-29, 137-140 en meer.
94. Fisch, *Gechichte Südafrikas,* pp 271-274.

skoolonderrig beklee het[95] en dat skrywers soos Godée-Molsbergen, Gie, Van der Walt, Wiid en Geyer in reaksie teen die klem op die Britse agtergrond in die geskiedenisonderrig van daardie tyd, die Europese en veral Nederlandse agtergrond na vore gebring het. Hulle, in die besonder Gie, toon ’n veel groter begrip vir die noodsaaklikheid om die Suid-Afrikaanse geskiedenis in ’n breër konteks te beskou as vroeë Engelstalige skrywers, soos Theal en Walker.

Dit blyk verder dat, waar die wêreldhistoriese konteks wel behandel word, dit meesal op ’n inkonsekwente manier gedoen word. In die werk van Van der Walt, Wiid en Geyer word byvoorbeeld baie aandag gegee aan die Nederlandse agtergrond, maar feitlik nie aan die Britse konteks nie, terwyl De Kiewiet daarenteen hoofsaaklik op Suid-Afrika binne die raamwerk van die Britse dominiums let en feitlik geen aandag aan die Nederlandse invloed op die vroeë ontwikkeling van die Kaapkolonie gee nie. Die skrywers se besondere uitkyk op die geskiedenis bepaal dus watter faktore beklemtoon word en watter geïgnoreer word. Selfs Van Jaarsveld, wat in baie opsigte die vroeë Nederlands- en Britsgerigte eensydighede oorkom het, en wat onder die latere skrywers, die verste gaan om die Suid-Afrikaanse geskiedenis in ’n groter raamwerk te probeer plaas, gaan taamlik selektief te werk, deur onder meer groter aandag aan politieke as aan ekonomiese faktore te gee. Die feit dat Van Jaarsveld, wat net ’n “kort inleiding”[96] probeer skryf het en slegs bepaalde hooftemas in die Suid-Afrikaanse geskiedenis uitlig, nogtans meer as seshonderd bladsye nodig gehad het om hierdie oogmerk te verwesenlik, toon dat dit ’n haas onbegonne taak is om in ’n werk van beperkte omvang die groter konteks behoorlik tot sy reg te laat kom. Dit is daarom feitlik onvermydelik dat enige oorsig leemtes in hierdie verband sal hê en dat meer as een werk gebruik moet word om ’n goeie beeld van die wêreldhistoriese konteks te probeer verkry. Ouer werke, soos dié van Gie en Scholtz, is daarom steeds van waarde en behoort saam met meer resente oorsigte, soos dié van Van Jaarsveld, asook Elphick en Giliomee, gebruik te word om die ontwikkeling van Suid-Afrika binne die konteks van die wêreldgeskiedenis te beskou.

In die oorgrote meerderheid oorsigte word op politieke ontwikkelinge gekonsentreer, hoewel daar tog ook verskeie boeke is waarin die ekonomiese en sosiale aspekte van die geskiedenis behandel word. Kulturele aspekte soos taal, beeldende kuns, argitektuur, kleredrag,

95. Vergelyk F.A. van Jaarsveld en J.I. Rademeyer, *Teorie en Metodiek vir Geskiedenisonderrig* (Perskor, Johannesburg, 1977), pp 74-80, 88-92; Kapp, *Verantwoorde Verlede*, p 4.

96. Van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot P.W. Botha,* voorwoord (ongenommerd).

musiek, letterkunde, wetenskapsbeoefening, tegniek, opvoeding en onderwys, word egter byna nie aangeraak nie. Die rol van kerke en godsdienste word meesal ook maar min belig. Sonder twyfel is die leefwyse en kultuur van alle inwoners van Suid-Afrika ingrypend deur ontwikkelinge in die Westerse Wêreld en waarskynlik in vroeëre tye ook deur ontwikkelinge in ander dele van Afrika beïnvloed. Die ernstige leemte wat daar in hierdie opig in oorsigwerke bestaan, bring mee dat selfs al die geheeloorsigte saam, nie ’n volledige beeld gee van die invloed wat ander state, samelewings en kulture deur die eeue heen op Suid-Afrika gehad het nie.

Hoewel daar vir die doeleindes van hierdie artikel nie ’n omvattende ondersoek na gespesialiseerde studies (waarin aspekte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis in ’n wyer konteks geplaas word) gedoen is nie, wil dit tog voorkom of hulle nie baie goed deur skrywers van resente geheeloorsigte benut is nie. Dit is ten minste die geval met die vergelykende studies wat in ’n vorige artikel behandel is.[97] Die bestudering van hierdie werke bly dus van kardinale belang om ’n beeld van die breër konteks te vorm.

Uit die voorafgaande afdelings blyk dit dat daar verskillende wyses is waarop die verband tussen ontwikkelinge in Suid-Afrika en in die res van die wêreld in oorsigwerke getrek word. In verskeie boeke, onder meer dié van Gie, Van der Walt, Wiid en Geyer, asook Van Jaarsveld, is daar aparte hoofstukke of afdelings waar onderwerpe soos die Franse Rewolusie, Nederlandse bestuurstelsels en kolonialisme in Afrika behandel word. Sulke afdelings is eintlik te uitgebreid om in ’n werk oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis te pas. Die lang oorsig wat Van Jaarsveld oor Westerse imperialisme en koloniale beleid in Afrika verskaf,[98] kan ook in ’n handboek oor wêreldgeskiedenis of Afrikageskiedenis gevind word. Daarenteen is die kriptiese verwysings wat De Kiewiet na ontwikkelinge in ander kolonies doen, van so ’n aard dat soms heelwat leeswerk oor die geskiedenis van hierdie lande nodig is om ’n behoorlike begrip te vorm. Die wyse waarop Ross en Schutte verbande in hoofstukke waarin die fokus op die Kaapkolonie bly, trek,[99] is ’n voorbeeld van die goue middeweg wat gevolg behoort te word. ’n Goeie riglyn in dié verband is waarskynlik dat gegewens wat geredelik in ’n oorsigwerk oor die geskiedenis van die wêreld, die Britse Ryk, Nederland, ensovoorts, gevind kan word, nie uitgebreid in ’n oorsigwerk

97. De Klerk, “Die Suid-Afrikaanse Geskiedenis in Vergelykende Perspektief”.
98. Van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot P.W. Botha*, pp 428-439.
99. Ross, “The Cape of Good Hope and the World Economy, 1652-1835”; Schutte, “Company and Colonists at the Cape”.

oor Suid-Afrika herhaal behoort te word nie. Daar kan verder verwag word dat in sterk verhalende werke, waar die geskiedenis veral in kronologiese volgorde behandel word, soos wat veral in die ouer oorsigte die geval is, die konteks op 'n ander manier aan die orde kom as in werke met 'n meer tematiese indeling soos dié van Van Jaarsveld, Elphick en Giliomee. Deur net bepaalde verbande uit te lig en ander te ignoreer, soos in baie werke gebeur, word egter 'n eensydige interpretasie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gebied.

In die meeste werke wat aandag aan die groter konteks gee, is dit veral die invloed van die Westerse Wêreld wat aandag kry. Selfs in die boek van Elphick en Giliomee, waarin heeltemal wegbeweeg word van die klem wat in vroeëre werke op die geskiedenis van die wit koloniste van die sewentiende en agtiende eeue gelê is en waarin gepoog word om 'n beeld van die hele samelewing in die Kaapkolonie te gee, is dit die invloed van ontwikkelinge in Europa en die VOC-handelsryk wat veral na vore gebring word. Dit dui moontlik daarop dat die Suid-Afrikaanse geskiedenis sedert die sewentiende eeu veral deur ontwikkelinge in Europa, die Nederlandse en Britse Ryke, en in baie mindere mate deur ontwikkelinge in die res van Afrika geraak is. Ontwikkelinge in Afrika het vanaf die vroegste verlede wel Suid-Afrika beïnvloed, soos resente skrywers onder meer Parker en Pfukani, asook Van Aswegen aantoon, maar die gegewens hieroor is baie skraal en bowendien was Suid-Afrika in die vroeë verlede baie meer geïsoleerd van ander dele van Afrika as in die afgelope twee eeue.[100] In latere eeue was daar waarskynlik handelskontak tussen suidelike Afrika en ander dele van Afrika. Daarbenewens het die handel tussen Afrika en ander lande in die Indiese Oseaangebied ook 'n invloed op Suid-Afrika gehad, soos onder meer uit die argeologiese vondste by Mapungubwe blyk.[101] Meer navorsing is nodig om die invloed vanuit ander gebiede op die kulture en ekonomiese stelsels van die Bantusprekende groepe te bepaal en die resultate hiervan sal eers in latere oorsigwerke 'n neerslag kan vind. Oor die invloed van Europa en Amerika is daar baie meer bekend en dit is daarom te verwagte dat dit meer aandag in 'n geheeloorsig oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis sal kry as die invloed van Afrika. Die vroeë oorsigwerke en sommige latere oorsigte soos dié van Muller handel byna uitsluitend oor die rol van die wit bevolkingsgroep en tereg word daar in latere werke meer aandag gegee aan die geskiedenis van alle inwoners van die land. Om hierna te verwys as Eurosentriese en Afrosentriese perspektiewe op die geskiedenis, kan egter misleidend wees.

100. Vergelyk Dedering, "Reflections on World History and African Studies", p 264.
101. Vergelyk Dedering, "Reflections on World History and African Studies", p 264; Gilbert and Reynolds, *Africa in World History; from Prehistory to the Present,* p 109.

Wanneer dit gaan om die invloed van faktore van buite op ontwikkelinge in Suid-Afrika vanaf die sewentiende eeu tot vandag toe, kan moeilik ontken word dat die invloed van Europa, en veral van Nederland en Brittanje, besonder sterk was, en dat Suid-Afrika in die twintigste eeu saam met ander lande in Afrika en Asië ingrypend deur die Westerse kultuur, wat in hierdie eeu al meer die kenmerke van 'n wêreldkultuur verkry het, beïnvloed is.[102]

## Opsomming

Sedert die begin van die twintigste eeu het 'n groot aantal oorsigwerke oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis verskyn. Alhoewel baie gebeure en ontwikkelinge in Suid-Afrika net binne 'n wêreldhistoriese konteks verstaan kan word, word min aandag in die meeste van die oorsigte aan hierdie konteks gegee. Onder die boeke waarin aspekte van die groter konteks behandel word, is 'n aantal vroeë Afrikaanstalige werke, waarin veral die invloed van Nederland op die ontwikkeling van Suid-Afrika na vore gebring word. In die algemeen verwys skrywers op 'n baie inkonsekwente manier na die wêreldhistoriese konteks. Die wyse waarop dit gedoen word, hang meesal saam met die skrywer se geheelperspektief op die geskiedenis. Daar word deurgaans veel meer aandag aan die Europese agtergrond, as aan die invloed van die res van Afrika gegee. Dit kan nie net aan 'n Eurosentriese perspektief toegeskryf word nie, maar ook aan 'n gebrek aan bronne en navorsingswerk oor beïnvloeding vanuit Afrika, terwyl daar wel baie gegewens oor die invloed van die Westerse Wêreld op ontwikkelinge in Suid-Afrika beskikbaar is.

## Abstract

### South Africa within a World Historical Context – An Inquiry into General Surveys of South African History

Since the beginning of the twentieth century, a large number of general surveys of South African history have been published. Although many events and developments in South African history can only be understood within a world historical context, little attention is paid in most of these surveys to the larger framework. Among the books which deal with aspects of the larger context, are a number of early Afrikaans surveys,

102. Stuchtey and Fuchs (eds), *Writing World History,* bied 'n uitgebreide bespreking van probleme rakende 'n Eurosentriese perspektief en die behandeling van die rol van die Westerse kultuur in die wêreldgeskiedenis.

which are especially concerned with the influence of the Netherlands on the development of South Africa. Most authors refer in a very inconsistent manner to the world historical context. The way in which this is done, is usually connected with the author's view of history. In general more attention is given to the European background, than to influences from the rest of Africa. This should not be regarded as the result of a Eurocentric perspective only, but also as the result of a lack of sources and research work on African influences, while, on the other hand, a large amount of evidence is available on the influence of the Western World on developments in South Africa.

**Sleutelwoorde**

Suid-Afrikaanse geskiedenis, historiese oorsigwerke, wêreldgeskiedenis, Europese geskiedenis, Afrikageskiedenis, Eurosentrisme, Afrosentrisme.

**Key words**

South African history, general historical surveys, world history, European history, African history, Eurocentrism, Afrocentrism.